GEDRAGSKODE VAN LAERSKOOL VORENTOE

2019

Die gedragskode word opgestel om **goeie gedrag** by ons leerders aan te moedig en om **waardes** by hulle in te skerp. Die uitvloeisel behoort dan leerders met **goeie maniere** te wees. Vanaf 2019 inkorporeer die skool die LiveSchool toepassing wat deur onderwysers sowel as ouers gebruik kan word.
Dit is ‘n meriete stelsel waar leerlinge demeriete punte kan verwerf, maar ook meriete punte wat tot belonings kan lei. Die fokus is gerig op die verwerwing van meriete punte en die bevordering van positiewe gedrag.

VERANTWOORDELIKHEID

Leerders moet bewus gemaak word van sy/haar verantwoordelikheid teenoor sy maats, onderwysers, skool eiendom, volwassenes en sy ouers; wat dit beteken en die aanvaarding van straf wat saam met onverantwoordelike optredes gepaard gaan.

Sodanige onverantwoordelike optredes sal dan op die volgende maniere en kategorieë gestraf word.

Skedule 1 Oortredings

- Laat vir skool, klas, oefening of wedstryd.
- Huiswerk/take nie gedoen of onvoltooid.
- Gesels en ontwrig klas tydens onderrig tyd.
- Eet en/of drink in die klas.
- Vloek, of onaanvaarbare taalgebruik.
- Onordelike gedrag tydens klas wisselings.
- Onordelike gedrag tydens saal-byeenkoms.
- Onbevredigende voorkoms (hare, hangers, naels ens. wat strydig is met skoolrëels)
- Omgewing beskadig of rommel strooi. (Banke, mure, kleedkamers ens. bekrap)- Vandalisme
- Onwettige en/of gevaarlike spele
- Onsportiewe optrede
- Herhaaldelike vergeet van boeke, take ens.
- Boeliegedrag
- Oneerlikheid bv afskryf
- In besit van onwettige items
- Spot/terg onderwyser - disrespekvol

Moontlike optredes

- Ondersoek eerstens die moontlikheid en vatbaarheid van die individu vir ‘n opbouende opvoedkundige gesprek.
- Punte word in alle gevalle deur die onderwyser op die LiveSchool toepassing toegeken
- Klas of byeenkoms ontwrigting – Gevra om klas of funksie te verlaat
- Probleme met voorkoms – Afhangende van omstandighede Dadelik – Volgende dag en/of indien kleredrag binne een week.
- Gevalle van konflik en gebrek aan respek kan na VRL verwys word vir moontlike sanksies.
- Klas of terrein skoonmaak
- Punte is nie oordraagbaar na ‘n volgende jaar nie maar bly aangeteken op die gedrags-profiel

- Leerkragte sal en behoort te alle tye hul professionele oordeel te gebruik om die ernstigheid van die misstap te bepaal en strawwe daarvolgens toe te pas.

Skedule 2 = Oortredings

- 50 Demeriete punte binne 1 kwartaal regverdig detensie
- Bakleiery op skoolgronde – 30 punte
- Uitdaging van gesag- herhaaldelik 50 punte
- Leuens vertel tydens ondersoek – 50 punte
- Herhaaldelike boeliegedrag – 50 punte
- Reageer negatief op kategorie 1-strawwe - detensie
- Betrap sonder toestemming tydens skoolure met selfoon

Moontlike Optredes

- 2 uur detensie – Vrydae 13:00 – 15:00 of alternatiewelik Time-outklas tydens pouses.
- Selfoon na kantoor en ouer kan dit einde van kwartaal kom afhaal
- Brief / SMS / na ouer om probleem onder hul aandag te bring en te bespreek
- Leerkragte sal en behoort te alle tye hul professionele oordeel te gebruik om die ernstigheid van die misstap te bepaal en strawwe daarvolgens toe te pas.

Skedule 3 = Verhoor

- Rook, drank of dwelms by die skool
- Diefstal
- Verlaat die skoolterrein sonder toestemming tydens skoolure
- Ernstige voortdurende wangedrag
- Woon nie detensie-klasse by nie
- Skerp wapens by die skool
- Aanranding van onderwyser
- Haatspraak / Rassisme

Optrede

- Afspraak met ouer en Skoolhoof
- Leerling en ouers moet voor die Dissiplinêre Komitee verskyn.

Hierdie Gedragskode is opgestel om u kind te help en by te staan sodat hy/sy saam met sy/haar mede-leerders in ‘n gelukkige omgewing kan ontwikkel tot volwaardige landsburgers wat met die nodige waardes en gedissiplineerde agtergrond hul beste sal lewer. Hierin vra ons ook die ouers om ons te ondersteun.

Detensie vind Vrydae plaas vanaf 13:00 tot 14:00 en u sal Donderdag voor die tyd daarvan verwittig word met ‘n skrywe en afskeurstrokie.

MERIETE PUNTE

Meriete punte word in die volgende kategorieë toegeken:

Persoonlike ontwikkeling

- Deursetting en toewyding
- Goeie gedrag, goeie manière en beleefd
- Netjiese werkboeke/klere,hare
- Respekvol
- Samewerking
- Staan netjies in rye
- Verjaarsdag

Positiewe houding – skool

- 100% skoolbywoning
- Behulpsaam na ure/naweek
- Doen meer as verwag
- Enige taak goed uitgevoer
- Handig taak betyds in
- Hou die skool skoon
- Ondersteun sport /kultuur
- Positiewe houding – skoolwerk

Akademies

- Beste punt per vak per graad
- Beste punt vir taak (geen ouers)
- Goeie rapport – 80% + gemiddeld
- Hoogste gemiddeld in Afrikaans /Engels
- Hoogste gemiddeld in Wisk/NWT
- Lees meeste boeke in kwartaal

Leierskap

- Doen pligte van klasleier goed
- Gekies as ander tipe leier
- Gekies as Hoofleier
- Gekies as klasleier/spankaptein
- Goeie diens as diensraadslid/prefek

Sport en Kultuur

- Goeie deelname – sport/kultuur
- Goeie verbetering
- Provinsiaal/Nasionaal
- Sertifikaat

Nadat u bogenoemde deurgelees het, moet u asb. onderstaande afskeurstrokie invul.

Gedragskode 2019:

Hiermee erken ek dat ek bogenoemde dokument gelees het en aanvaar:

Naam in drukskrif: …….

Leerder naam: ……

Leerder graad: ……..

Datum: …….

Handtekening: …….